NAVORSINGSONTWIKKELING is in goeie hande!

Prof Petra Engelbrecht

Die Afdeling Navorsingsontwikkeling aan die US is in goeie hande! Prof Engelbrecht, 'n opvoedkundige sielkundige, is onlangs aangestel as die Senior Direkteur: Navorsing. Sy volg prof Piet Steyn op wat tans waarneem as Senior Direkteur: Navorsing (Natuurwetenskappe).

Voor haar aanstelling was prof Engelbrecht die Direkteur: Navorsing (Geestes- en Sosiale Wetenskappe).

Prof Engelbrecht, self 'n nasionaal en internasionaal ervare en erkende navorser, vertel dat sy geweldig trots daarop is om deel te kan wees van die Afdeling Navorsingsontwikkeling aan die Universiteit Stellenbosch hoewel sy nie self hier studeer het nie. Haar grade het sy verwerf aan die Universiteite van Pretoria en Suid-Afrika.

Aan die Universiteit van Pretoria was sy 'n dosent in Opvoedkundige Sielkunde voordat sy in 1996 by die US aangesluit het as professor in Opvoedkundige Sielkunde en Gespesialiseerde Onderwys. Vanaf 1999 is sy die Voorsitter van die Departement Opvoedkundige Sielkunde en Gespesialiseerde Onderwys. Sy word in 2004 aangestel as die Direkteur: Navorsing (Geestes- en Sosiale Wetenskappe).

Vir prof Engelbrecht is navorsing aan hoër onderwysinstellings 'n groot uitdaging. "Suid-Afrikaanse universiteite is vandag globale spelers en die druk op navorsers om nie net geakkrediteer te word nie, maar ook om fondse te bekom, neem ook net toe.

Ek sien dit my taak as hoof van die Afdeling Navorsingsontwikkeling om die uitstekende groep navorsers waaroor die US beskik, te ondersteun."

Die ontwikkeling en ondersteuning van jong navorsers is ook vir haar 'n prioriteit en daarom het sy verlede jaar 'n meer gestruktureerde kapasiteitsontwikkelingprogram vir die US ontwikkel en bekendgestel.

Dié program is gemik op die ontwikkeling van die navorsingsvaardighede van nuut aangestelde akademici en sluit 'n oriënteringsprogram in.

Die program bied ook werkswinkels vir beide gevestigde en nuut aangestelde navorsers. Van die temas sluit in hoe om navorsingsaktiwiteite beter te kommunikeer, aanbiedingsvaardighede, die skryf van navorsingsvoorstelle vir befondsingdoeleindes en finansiële bestuur van navorsingsprojekte.

Prof Walter Claassen, die Viserektor: Navorsing, sê dat prof Engelbrecht besondere kundigheid en ervaring m.b.t. navorsingskapasiteitsbou en die ontwikkeling van 'n mentorstelsel vir jong navorsers na die Afdeling Navorsingsontwikkeling bring.

"Hierdie twee fasette bied tans besondere uitdagings vir die Universiteit. Ons wil juis jong navorsers en persone wat nie vroeër aktief in navorsing betrokke was nie, die geleentheid bied om hulle navorsing te ontwikkel en by te dra tot die navorsingsportefeulje van die Universiteit."

Foto: Anton Jordaan, SSFD

...en so ook die Stigting

In die kantoor van die nuwe Direkteur van die US Stigting, Annamia van den Heever, is 'n sêding van Albert Einstein op 'n aansteekbord aangebring: *The problems we have in the world today will not be solved by the level of thinking that created them.* En dis ook die uitdaging by die Stigting. Die warm stoel van direkteur is tot onlangs gevul deur Sunley Uys, wat einde April afgetree het.

Die Stigting, verantwoordelik vir nasionale en internasionale fondswerwing, huisves ook die Universiteit se Alumni-kantoor. "Ja, dis beslis 'n groot uitdaging, maar 'n lekker een. Lekker omdat ons weet Stellenbosch is een van die beste universiteite in Afrika en, ek sou sê, in die wêreld. Maar dis ook 'n groot uitdaging omdat daar 'n persepsie is dat die US baie geld het. Wat mense soms vergeet is dat dit 'n groot hoeveelheid geld kos om so 'n internasionaal uitnemende instelling te bedryf. En dan praat ons nie van instandhou nie, ons moet kreatiewe denke en metodes aanwend om te groei en 'n groter bydrae te maak," sê Annamia.


Foto: Erhardt Thiel

Hiervoor mik die Stigting hoog. "Die Universiteit is al hoe meer afhanklik van buitefondse en moet skenkings beduidend opstoot. Hierdie jaar is die doelwit R90 miljoen," sê Annamia.

Die oorgrote meerderheid skenkings is vir projekte waarvoor die akademie self hard werk om fondse te werf. "Ons dienste moet uitbrei om hulle in dié taak te steun." Korporatiewe skenkings, vertel Annamia, groei geleidelik. Daar is egter groot potensiaal in die buiteland. Oor die bydrae wat die Universiteit se alumni kan maak, is sy optimisties. "Ek glo dat alumni met die troefkaart in die hand sit. Te oordeel aan die belangstelling wat ons byvoorbeeld in die taaldebat sien, is die meerderheid Maties alumni passievol oor die Universiteit. Tog is minder as 2% donateurs. En dis hier waar ek voel ons en alumni die grootste kopskuif kan maak, want ek dink nie alumni weet aldag watter groot rol hulle wel kan speel in die ontwikkeling van die US en ons land nie deur, byvoorbeeld, ons ontwikkelings- en beursfondse te ondersteun."

Dit is dit egter nie net alumni se finansiële bydraes wat belangrik is nie, maar ook elke alumnus se eie persoonlike area van invloed. "Daar is nie 'n kontinent waar daar nie alumni is nie en waar elkeen, of dit nou oor 'n braaivleisvuur of in maatskappye se raadskamers, 'n verskil vir die US kan maak. Ons het hul voorspraak nodig, hul verwysings en natuurlik hul ondersteuning."

Self bring Annamia wye ondervinding op die gebied van fondswerwing en bemarking na die US toe. Haar vaardighede het sy aan onder meer die Universiteit van Kaapstad, die eertydse Mangosuthu Technikon en die Durban Institute of Technology geslyp. Aan die US was sy verbonde aan die Afdeling Navorsingsontwikkeling. Haar passie is veranderingsbestuur, organisatoriese transformasie en leierskapsontwikkeling – belangrik soos die US sy Toekomsvisie 2012 verwesenlik.

Annamia se persoonlike doelwit is om die beeld van die Universiteit as een van die voorste universiteite in die wêreld te bou. Nie net as uitnemende akademiese instelling nie, maar ook as rolspeler in die gemeenskap. "Dis hoekom ek werk toe kom!" sê sy.

Prof Walter Claassen, Viserektor (Navorsing) sê: "Annamia bring besondere ervaring oor 'n wye front van universiteitsaktiwiteite met haar saam. Afgesien van ervaring in die tipiese werksbestek van 'n kantoor soos dié, het sy die portefeulje "internasionale navorsingsfondse" in die Afdeling Navorsingsontwikkeling oor 'n tydperk van twee jaar gevestig en sterk uitgebou. Ons het baie verwagtinge van haar bydrae."